| | | | |
|---|---|---|---|
| Verslagwaardig: | JA | / | NEE |
| Sirkuleer Aan Regters: | JA | / | NEE |
| Sirkuleer aan Streeklandroste | JA | / | NEE |
| Sirkuleer Aan Landdroste: | JA | / | NEE |

# IN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA
# (Noord-Kaapse Afdeling, Kimberley)

Saakno: / Case number: **336/2015**
Datum verhoor: / Date heard: **21/08/2015**
Datum beskikbaar: / Date available: **04/09/2015**

In die saak tussen:

**MARTHINUS JACOBUS BOSHOFF N.O.** Eerste Applikant
**JOSIAS HENDRIK BOSHOFF N.O.** Tweede Applikant
**JOHANN STOLZ SANDERS N.O.** Derde Applikant
In hul hoedanigheid as trustees van die
MJ Boshoff Trust, IT1145/2011)

en

**JULIUS GERS** Respondent

## UITSPRAAK

**ERASMUS, WnR**

**INLEIDING:**

[1] Die applikante hierin tree op in hul hoedanigheid as trustees van die MJ Boshoff Trust, IT1145/2011 ("die Trust") en doen aansoek vir 'n tussentydse interdik in terme waarvan die respondent verbied sal word om 'n

swartwitpensbul, geïdentifiseer soos in aanhangsels 'B1' tot 'B7' tot die eerste applikant se funderende eedsverklaring ("die bok") te vervreem, te verskuif en/of op enige ander wyse daarmee te handel wat tot gevolg sal hê dat die respondent van sy besit en/of eiendomsreg in en tot die bok ontneem word en/of daarvan afstand doen, hangende die finale beregting van 'n aksie vir lewering van die bok aan die Trust.

[2] Dit is gemene saak tussen die partye dat die aksie hierbo na verwys, reeds ingestel is en dat pleitstukke daarin reeds gesluit is.

**DIE FEITE:**

[3] Die Trust se saak berus dus daarop dat daar 'n mondelinge ooreenkoms met die respondent aangegaan is in terme waarvan die Trust die bok vir 'n bedrag van R180,000.00 plus BTW sou koop. Die koopprys sou betaal word deur 'n 25 % deposito in die trustrekening van die prokureursfirma Theron Wessels & Vennote in te betaal, welke bedrag in trust gehou sou word tot lewering van die bok aan die Trust. Die balans van die koopprys sou drie dae voor die verwagte dag van lewering van die bok in die trustrekening betaal en in trust gehou word tot lewering van die bok, waarna dit dan aan die respondent uitbetaal sou word.

[4] Dit is nie in geskil dat die Trust 'n bedrag as deposito, asook die balans van die koopsom in die prokureurs se trustrekening betaal het nie. Die Trust het getender dat dit oorbetaal sou word aan die respondent teen lewering van die bok aan die Trust.

[5] Dit blyk verder gemene saak te wees dat swartwitpensbulle met 'n horinglengte van 43 duim in die wildbedryf nie as merkwaardig aan te merk is nie, maar dat bulle met 'n horinglengte van 47 duim skaars is. Indien die Trust in die ope mark 'n ander soortgelyke bul moet aankoop, sal die koopprys baie meer as R180,000.00 beloop.

[6] Die agtergrond tot die transaksie was dat die trustees van die Trust gedurende November 2014 'n sekere mnr. Jacobs versoek het om 'n swartwitpensbul vir die Trust te bekom. Dit is gemene saak dat Jacobs die respondent, met wie hy al in die verlede besigheid gedoen het, genader het oor die beskikbaarheid van swartwitpensbulle en meegedeel is dat daar wel bulle beskikbaar was. Dit is ook gemene saak dat die respondent nie oor die presiese horinglengte van die bulle beskik het nie, maar vir Jacobs meegedeel het dat dit by 'n vorige geleentheid 41 duim gemeet het en dit tans ongeveer 43 duim behoort te wees.

[7] Dit is ook gemene saak dat die respondent twee swartwitpensbulle aan Jacobs uitgewys het. Jacobs het by hierdie geleentheid die foto's, aangeheg as aanhangsels 'B1' tot 'B7', van die bok geneem. Jacobs het daarna die eerste applikant meegedeel dat die respondent R180,000.00 plus BTW per bul verlang, welke bedrag Jacbos se kommissie sou insluit. Volgens Jacobs het die respondent hom meegedeel dat die prys nie afhanklik is van die horinglengte van die swartwitpensbulle nie, maar dat dit 'n vaste prys is.

[8] Die Trust het op grond van die foto's besluit om die bok aan te koop. Die eerste applikant het daarna persoonlik die bok op 6 November 2014 besigtig, vergesel deur Jacobs en die respondent. Die eerste applikant het uitdruklik vir die respondent gevra of die prys van R180,000.00 'n vaste prys is, ongeag die horinglengte, waarop die respondent bevestigend geantwoord het. Die respondent sou bygevoeg het dat hy die bul dalk vir 'bietjies te min' verkoop, maar dat hy 'n goeie geldjie maak en dat hy tevrede is met die prys. Jacobs het later, op versoek van die Trust, die respondent in kennis gestel dat die Trust die bok sou koop vir die bedrag van R180,000.00 plus BTW, waarop die respondent laat weet het dat dit in orde is.

[9] Die nodige permitte vir die verwydering en vervoer van die bok is uitgereik. Die respondent het Jacobs ingelig

dat die bok gelaai en gelewer sou word op 19 November 2014. Jacobs was, op versoek van die Trust, teenwoordig op die plaas op gemelde datum. Met sy aankoms daar het die respondent hom meegedeel dat die verkeerde swartwitpensbul verdoof is en dat hy, synde die respondent, die veearts versoek het om daardie bul weer wakker te maak. Die korrekte bok sou daarna verdoof word. Jacobs is later deur die respondent meegedeel dat die bok wat by die tweede geleentheid verdoof is, weer wakker gemaak is aangesien die respondent en die veearts sy horings gemeet het en die horings 46 en 'n ¾ duim lank was. Die respondent het vir Jacobs meegedeel dat hy nie die bok vir 'n bedrag van R180,000.00 kon verkoop nie. Jacobs het die respondent daarop gewys dat hy nie uit die ooreenkoms kon terugtree nie, maar het die respondent volhard en aangebied om 'n ander bul aan die Trust te verkoop.

[11] Die respondent het opdrag gegee aan die veearts om 'n derde swartwitpensbul te pyl wat later op Jacobs se waentjie gelaai is. Jacobs is telefonies deur die tweede applikant meegedeel dat die Trust nie belangstel in gemelde bul nie, maar aandring op die ooreengekome bok. Jacobs het daarop gemelde swartwitpensbul afgelaai en die plaas verlaat.

[12] Die respondent het later vir Jacobs meegedeel dat hy weet dat hy teen sy woord gaan en dat hy verkeerd is,

maar dat hy nie ‘n 47 duim horinglengte bul vir R180,000.00 kan verkoop nie.

[13] Dit blyk uit ‘n e-pos wat die respondent op 19 November 2014 aan Jacobs gestuur het, aanhangsel ‘F’ tot die funderende eedsverklaring, dat dit nie in dispuut was dat die swartwitpensbul wat by die tweede geleentheid verdoof is en wat die respondent geweier het om aan die Trust te lewer, inderdaad die bok is wat deur die Trust aangekoop is nie. Die rede vir die weiering om die bok te lewer was bloot omdat die horinglengte verskil het van die lengte wat geskat is. In hierdie e-pos sê die respondent dat hy vir Jacobs sien as ‘die persoon wat beide die koper en verkoper moet verteenwoordig’, dat Jacobs ‘al baie diere van my verkoop’ het en dat Jacobs is ‘die enigste AGENT wat my diere verkoop/bemark’.

[14] Die respondent het op 20 November 2014 weer met Jacobs geskakel en om verskoning gevra en aangedui dat hy steeds Jacobs se kommissie ten aansien van die transaksie sou betaal. Die respondent het ook aangedui dat hy ‘n hoër aanbod vir die betrokke swartwitpensbul sou oorweeg.

[15] Die respondent is op 2 Desember 2014 deur die Trust se prokureurs aangemaan om die bok te lewer en is versoek om skriftelik te bevestig dat hy sy verpligtinge in terme van die ooreenkoms sal nakom. Die respondent se

prokureur het in antwoord daarop op 18 Desember 2014 'n skrywe aan die Trust se prokureurs gerig waarin beweer is dat daar nie wilsooreenstemming was met betrekking tot watter bul die onderwerp van die onderhandeling gevorm het nie. Daar is beweer dat daar 'n wesenlike dwaling was aan die kant van die respondent ten aansien van die identiteit van die bul waaroor onderhandel is. Die respondent sou onder die indruk verkeer het dat oor een van die ander bulle onderhandel is. Die respondent het aangebied om 'n ooreenkoms te sluit ten aansien van die bul wat hy beplan het om te verkoop en waarvan hy gemeen het die onderhandelinge gevoer is.

[16] Jacobs het 'n bevestigende verklaring afgelê waarin hy die weergawe aan die eerste applikant bevestig.

[17] Die respondent, in sy opponerende eedsverklaring, ontken enige ooreenkoms tussen hom en die Trust en/of die applikante. Hy ontken dat hy, in sy persoonlike hoedanigheid, versoek is of gevra is of hy swartwitpense beskikbaar het of dat hy aangedui het dat hy enige swartwitpensbulle het om te verkoop. Jacobs was deurgaans bewus daarvan dat die respondent self geen swartwitpense besit nie maar dat die wild en, in besonder die swartwitpense, die eiendom van 'n beslote korporasie, by name Afrizone 127 BK (hierna genoem die

"beslote korporasie") is. Die beslote korporasie dryf handel, onder andere, as Papkuil Safari Lodge.

[18] Die respondent ontken verder dat daar enige sprake was van 'n bedrag van R180,000.00 plus BTW. Hy ontken ook dat daar enige sprake was van kommissie en dit was uitdruklik met Jacobs ooreengekom dat die prys R150,000.00 sou beloop. Dit word pertinent ontken dat die prys nie afhanklik sou wees van horinglengte nie.

[19] Die respondent ontken dat daar enigsins 'n koopooreenkoms tussen hom en die Trust tot stand gekom het en beweer dat daar wel 'n koopooreenkoms tot stand gekom het tussen die beslote korporasie en 'n ander beslote korporasie, Aziware BK ('Aziware'). Ter stawing hiervan verwys hy na 'n faktuur, No. 1377, wat op 18 November 2014 deur die beslote korporasie uitgereik is aan Aziware, synde die koper. Verder het Aziware op 13 November 2014 'n faktuur uitgereik aan die Trust waaruit dit voorkom asof die Trust die bul aangekoop het vanaf Aziware vir 'n bedrag van R180,000.00 plus BTW. Daar word dan deur die respondent aan die hand gedoen dat dit uit die fakture duidelik blyk dat die kooptransaksie tussen die beslote korporasie, as verkoper en Aziware, as die koper, vir 'n bedrag van R150,000.00 plus BTW was. Die respondent ontken ook enige onderhandelinge met betrekking tot die betaling van enige deposito in die trustrekening van

Theron Wessels & Vennote, en meld dat die betrokke firma onbekend is aan hom sowel as die beslote korporasie.

[20] Die respondent erken dat sy naam verskyn in die permitte vir die vervoer van ‘n swartwitpensbul, maar ontken dat hy aansoek gedoen het vir die permit en meld hy ook dat hy dit nie onderteken het nie. Hy erken dat Jacobs met hom, in sy verteenwoordigende hoedanigheid, reëlings getref het vir die vangs en verwydering van die swartwitpensbul. Die respondent voer verder aan dat hy, namens die beslote korporasie, die ooreenkoms met Aziware BK, soos verteenwoordig deur Jacobs, gekanselleer het. Jacobs sou ingestem het tot kansellasie van die ooreenkoms in die lig daarvan dat daar ‘n duidelike dwaling was met betrekking tot die bul se horinglengte.

[21] Die respondent erken verder dat hy vir Jacobs geskakel en hom om verskoning gevra het oor die fout wat ingesluip het, maar ontken dat daar enige sprake was van kommissie wat betaalbaar sou wees op die transaksie aangesien Aziware BK die bul aangekoop het en dit kon verkoop vir enige prys.

[22] Die respondent ontken dat die Trust enige repudiasie kon aanvaar in die lig daarvan dat die Trust nie ‘n party tot die gekanselleerde ooreenkoms was nie. Die respondent

volhard dat daar ‘n dwaling was ten aansien van die *merx* wat die onderwerp gevorm het van die kooptransaksie tussen die beslote korporasie en Aziware. Die respondent voer verder aan dat ‘n bevel soos versoek in die Kennisgewing van Mosie geen effek sal hê nie, aangesien die respondent nie die eienaar van die bok is nie en daar ook nie ‘n ooreenkoms tussen die beslote korporasie en Aziware tot stand gekom het nie. Dit is vir hom in sy persoonlike hoedanigheid onmoontlik om die bul te lewer. Dit is verder vir hom in sy persoonlike hoedanigheid onmoontlik om enige nadeel te ly en word aan die hand gedoen dat die Trust geen duidelike reg teen hom in sy persoonlike hoedanigheid het nie.

[23] Aangeheg tot die respondent se opponerende verklaring is ‘n eedsverklaring van Jacobs, afgelê op 18 Desember 2014, waarby die fakture waarna hierbo na verwys is, aangeheg is. Jacobs verklaar hierin dat hy in diens is van Aziware. Hy verklaar dat, tydens die besoek van die eerste applikant aan die plaas, die respondent hom meegedeel het dat die bul se horinglengte ongeveer 43 duim sal wees en toe bevestig het dat die Trust inderdaad die bul wou koop. Daar is ooreengekom dat die bul aan die Trust verkoop sou word vir ‘n bedrag van R180,000.00, welke bedrag as koopsom inbetaal is by die prokureurs Theron Wessels & Vennote. Jacobs verklaar verder dat die respondent hom meegedeel het dat daar ‘n misverstand was ten aansien van die

horinglengte van die bok. Die respondent sou hom meegedeel het dat indien dit nie vir die voormelde misverstand was nie, hy nie die bul sou verkoop het vir ‘n bedrag van R150,000.00 nie. Jacobs verwys in hierdie eedsverklaring na die belastingfakture en bevestig dat ooreengekom is dat die respondent die bok aan Aziware verkoop vir R150,000.00 en na die faktuur van Aziware aan die Trust vir die koop van die bul vir R180,000.00.

[24] In repliek bevestig Jacobs dat die respondent nooit teenoor hom aangedui het dat hy in enige ander hoedanigheid of as lid van die beslote korporasie opgetree het nie. Jacobs het in die verlede ook verskeie ander transaksies met die respondent gedoen met betrekking tot koop en verkoop van wild en hierin is hy nooit deur die respondent meegedeel dat hy namens die beslote korporasie optree nie. Die transaksies, insluitend die ooreenkoms wat die Trust met die respondent aangegaan het, was in respondent se persoonlike hoedanigheid gedoen. Jacobs werk as agent vir Aziware wat handel dryf as “Wildlife Trading”. Wildlife Trading tree op as middelman in verkooptransaksies ten aansien van wild. Jacobs het deurentyd as agent opgetree uit hoofde waarvan hy dan kommissie sou ontvang het uit die verkooptransaksie. Dit is praktyk in die besigheid van Aziware om ‘n faktuur aan die verkoper uit te reik in terme waarvan die koopsom in die trustrekening van die prokureurs betaal word en het ten doel om die verkoper

se belange te beskerm. Volgens Jacobs was daar nie ‘n koopooreenkoms tussen die Trust en Aziware nie, ongeag die uitreiking van die belastingfaktuur aan die Trust deur Aziware. Jacobs het opgetree as verteenwoordiger van Aziware. Aziware het nooit die bedoeling gehad om ‘n koopooreenkoms met die respondent of die beslote korporasie aan te gaan nie en het nooit ‘n swartwitpensbul aangekoop of aan die Trust verkoop nie. Jacobs beskik ook nie oor die magtiging om namens Aziware wild aan te koop nie.

## DIE REGSPOSISIE:

[25] Die applikante vra vir ‘n tussentydse interdik *pendente lite*. Die vereistes hiervoor en die benadering wat ‘n hof moet volg by beoordeling van die vraag of ‘n applikant ‘n *prima facie* reg aangetoon het, is as volg neergelê deur Corbett R, soos hy toe was, in **LF BOSHOFF INVESTMENTS (PTY) LTD v CAPE TOWN MUNICIPALITY**[1]:

*‘Briefly these requisites are that the applicant for such temporary relief must show -*

*(a) that the right which is the subject-matter of the main action and which he seeks to protect by means of interim relief is clear or, if not clear, is prima facie established, though open to some doubt;*

*(b) that, if the right is only prima facie established, there is a wellgrounded apprehension of irreparable harm to the applicant if the interim relief is not granted and he ultimately succeeds in establishing his right;*

[1] 1969(2) SA 256 (C) op 267 A-F; *Eriksen Motors Welkom Ltd v Protea Motors Warrenton* 1973(3) SA 685 (A) op 691

*(c) that the balance of convenience favours the granting of interim relief; and*

*(d) that the applicant has no other satisfactory remedy.*

*(See Gool v Minister of Justice and Another, 1955 (2) SA 682 (C) at pp. 687 - 8; Pietermaritzburg City Council v Local Road Transportation Board, 1959 (2) SA 758 (N) at p. 772). Where the applicant cannot show a clear right, and more particularly where there are disputes of fact, the Court's approach in determining whether the applicant's right is prima facie established, though open to some doubt, is to take the facts as set out by the applicant, together with any facts set out by the respondent which the applicant cannot dispute, and to consider whether, having regard to the inherent probabilities, the applicant should on those facts obtain final relief at the trial of the main action (see Gool's case, supra)."*

[26] Waar 'n respondent se weergawe bloot die applikante se weergawe weerspreek of die verduideliking onoortuigend is, behoort dit oorgelaat te word aan die verhoorhof om die dispuut te beslis en die regte van die applikant tussentyds te beskerm, onderhewig aan die nadeel vir die onderskeie partye indien die interdik toegestaan of geweier sou word.[2]

[27] Die Trust eis in die hoofaksie lewering van die bok, gebaseer op 'n beweerde mondelinge ooreenkoms. Dit blyk 'n *quasi*-vindikatoriese aksie te wees, soos na verwys in **STERN AND RUSKIN, N.O. v APPLESON**[3] waar Millin R die regsposisie soos volg uiteengesit het:

'*A vindicatory action is one in which the plaintiff claims delivery of specific property as owner or at any rate lawful possessor. An*

---

[2] *Webster v Mitchell* 1948(1) SA 1186 (W) op 1189
[3] Sien ook *Stern and Ruskin, N.O. v Appleson* 1951(3) SA 800 (WLD) op 810 - 811

*action is said to be quasi vindicatory when delivery of specific property is claimed under some legal right to obtain possession. 'In all such cases the Court is entitled to ensure that the thing shall be preserved until the dispute is decided finally.' (Mathews v Mathews, 1936 T.P.D. 124). The most familiar example of this is an action for delivery or transfer of property under a contract of sale, which in certain circumstances supports a claim to an interdict restraining the seller from dealing with the property pending the action.'*

[28] Waar 'n applikant se eis in die hoofaksie vindikatories of *quasi*-vindikatories van aard is, hoef daar nie 'n gegronde vrees van onherstelbare skade of die afwesigheid van 'n alternatiewe remedie aangetoon te word nie. Die hof behoort te verseker dat die item ten opsigte waarvan lewering geëis word beskerm word, hangende die afhandeling van die eis vir die lewering daarvan. In **FEDSURE LIFE ASSURANCE CO LTD v WORLDWIDE AFRICAN INVESTMENT HOLDINGS (PTY) LTD AND OTHERS**[4] het Cloete J die posisie soos volg saamgevat:

*'There are two exceptions to the requirements set out in Eriksen. They occur in applications for interim relief pending vindicatory and 'quasi-vindicatory' actions. A vindicatory action has been categorised as one in which the plaintiff claims delivery of specific property as owner or lawful possessor; and an action has been categorised as 'quasi-vindicatory' when delivery of specific property is claimed under some legal right to obtain possession (Stern and Ruskin NO v Appleson1951 (3) SA 800 (W) at 810 in fine - 811; UDC Bank Ltd v Seacat Leasing and Finance Co (Pty) Ltd and Another1979 (4) SA 682 (T) at 688G - H). I do not wish to be detained by terminology. In all such cases it has been settled law in this Division for over half a century that '(T)he court is entitled to ensure that the thing shall be preserved until the dispute is decided finally' - per Tindall J in Mathews v Mathews 1936 TPD 124 at 128.*

[4] 2003(3) SA 268 (W) para [27] en [28]

*The two exceptions are the following: the applicant need not allege irreparable loss inasmuch as there is a presumption, which may be rebutted by the respondent, that the injury is irreparable - Maroudus v Curich 1924 WLD 249 at 250, Ogilvie Flour Mills Co Ltd v H F Picot & Co Ltd (in Liquidation) 1927 WLD 146 at 150 and Stern at 813B - C; nor need the applicant show that it has no other satisfactory remedy - Cowen & Hammond v Campbell 1906 TH 191.'*

[29] Die hof beskik oor 'n diskresie om die tussentydse interdik toe te staan, aldan nie. Hierdie diskresie moet uitgeoefen moet word met inagneming van al die omstandighede en die vooruitsigte op sukses in die hoofaksie.[5] Die vereistes vir die tussentydse interdik moet in samehang met mekaar oorweeg word in die uitoefening van die diskresie om die regshulp te verleen, aldan nie.[6]

**BESPREKING:**

*Prima facie reg*

[30] Mnr. Tsangarakis het namens die respondent aangevoer dat daar geen kontraktuele *nexus* tussen die Trust en die respondent is nie en dat die applikante nie aangetoon het dat die Trust oor 'n *prima facie reg* beskik nie. Die toets is op hierdie stadium nie of die applikante op 'n oorwig van waarskynlikhede sodanige reg bewys het nie, aangesien die *prima facie* reg oop mag wees vir 'n mate van twyfel.[7]

---

[5] *Olympic Passenger Service (Pty) Ltd v Ramlagan* 1957 (2) SA 382 (D) at 383C-G
[6] *Bredenkamp v Standard Bank of South Africa Ltd* 2009(5) SA 304 (GSJ) at 313G – 314H
[7] *FH Swanepoel Plant Hire CC v PMG Mining (Pty) Ltd* (342/09) [2009] ZANCHC 61 par 9

[31] Die applikante steun op ‘n mondelinge ooreenkoms tussen die Trust en die respondent vir die aankoop van die bok. Die transaksie is gefasiliteer deur Jacobs. Die weergawe van die applikante word gestaaf deur Jacobs.

[32] Die respondent het verskillende verwere geopper. Sy aanvanklike verweer blyk uit die korrespondensie wat deur die respondent en sy prokureur gerig is aan onderskeidelik Jacobs en die applikante se prokureurs tot die effek dat daar nie wilsooreenstemming was ten aansien van watter bok die onderwerp van die transaksie was nie en dat die respondent nie die betrokke bul kan verkoop vir so ‘n lae bedrag nie. Die e-pos wat deur die respondent aan Jacobs gerig is op 19 November 2015 ondersteun die applikante en Jacobs se weergawe dat Jacobs as agent opgetree het. Dit blyk verder uit die korrespondensie tussen die prokureurs dat die prokureurs opgetree het namens die respondent self en daar word deurgaans verwys na ‘ons kliënt’, synde Gers in sy persoonlike hoedanigheid.

[33] Daar word in die bovermelde korrespondensie geen melding gemaak van die latere verweer wat in die opponerende eedsverklaring geopper is nie, naamlik dat die respondent nie die eienaar van die bok is nie, nie ‘n party tot die ooreenkoms was nie, nie die beslote korporasie verteenwoordig het nie en ook nie dat die

beslote korporasie die bok aan Aziware BK verkoop het nie.

[34] Geen dokument ter stawing van die eienaarskap en/of aankoop van die bok is aangeheg tot die respondent se stukke nie. Ek sou verwag, gegewe die waarde van die bok dat die beslote korporasie wel oor sodanige bewys van eienaarskap sou beskik. Die enigste dokumente wat die weergawe van die respondent kan ondersteun is die belastingfakture wat aangeheg was tot Jacobs se eedsverklaring van 18 Desember 2014 wat deel vorm van die respondent se stukke. Jacobs het in hierdie eedsverklaring verklaar dat 'Gers die bul aan Aziware verkoop...' en die ander faktuur deur Aziware gelewer is aan die Trust 'vir die koop van die bul'. Hierdie verklaring is deur die respondent se prokureurs opgestel en beëdig. Daar is hierin ook geen verwysing na 'n ooreenkoms tussen die beslote korporasie en Aziware of dat die respondent in 'n verteenwoordigende hoedanigheid namens die beslote korporasie opgetree het nie. Daar word deurgaans deur Jacobs verwys na Gers in sy persoonlike hoedanigheid. Nêrens in hierdie eedsverklaring van Jacobs word daarna verwys dat die respondent in sy verteenwoordigende hoedanigheid van die beslote korporasie opgetree het nie.

[35] Inaggenome die feit dat die *prima facie* reg wat applikante moet bewys onderhewig mag wees aan 'n

mate van twyfel, is ek tevrede dat die applikante ‘n saak uitgemaak het vir sodanige reg.

*Gegronde vrees van onherstelbare skade en alternatiewe remedie*

[36] Mnr. Pienaar, namens die Trust en Mnr. Tsangarakis, namens die respondent, was dit eens dat dit nie vir die applikante nodig is om aan hierdie vereistes te voldoen gegewe die feit dat die hoofaksie ‘n *quasi*-vindikatoriese aksie is nie. Hierdie submissies blyk in ooreenstemming met die reg te wees. Ek ag dit gevolglik nie nodig om verder hiermee te handel nie.

*Die balans van gerief*

[37] Ek is van oordeel dat die balans van gerief die applikante bevoordeel. Al wat die Trust verlang is dat die bok nie vervreem of mee gehandel word totdat die geding tussen die partye afgehandel is nie. Die terme van die ooreenkoms en die partye daartoe is aspekte wat by die hoofaksie uitgepluis sal moet word. Die hoofaksie is soos hierbo genoem reeds ingestel en die pleitstukke daarin reeds gesluit. Daar is geen rede waarom die aksie nie spoedig afgehandel kan word nie. Die koopprys is in trust inbetaal by prokureurs en is veilig, hangende die beslegting van die hoofaksie. As die Trust onsuksesvol is, sal die respondent steeds in besit van die bok wees en kan hy (of dan die beslote korporasie) daarmee handel.

Daarbenewens het die respondent nie enige nadeel of skade aangevoer indien die tussentydse regshulp toegestaan word nie. Indien dit nie toegestaan word nie, is die risiko van benadeling of skade vir die Trust veel groter. Die Trust het reeds gepoog om ‘n onderneming te bekom dat die respondent nie met die bok sou handel hangende die beregting van die aksie nie, maar die respondent was nie bereid om sodanige onderneming te verskaf nie. Daar is dus ‘n wesenlike risiko dat die bok vervreem kan word en die Trust sou dit baie moeilik vind om lewering van die bok te verkry as dit suksesvol sou wees in die hoofaksie.

*Koste*

[39] Ek meen dat dit gepas sou wees as beveel word dat die koste koste in die aksie sal wees. Geen argumente tot die teendeel is in hierdie verband aangevoer nie.

**GEVOLGTREKKING:**

[40] Ek is tevrede dat daar voldoen is aan die vereistes vir ‘n tussentydse interdik *pendente lite* en dat die regshulp, soos aangevra, toegestaan moet word.

**Ek maak gevolglik die volgende bevel:**

**1. Die respondent word verbied om die swartwitpensbul soos uiteengesit en geïdentifiseer in aanhangsels ‘B1’ tot ‘B7’ tot die eerste applikant**

**se funderende eedsverklaring en welke bul gemerk is met 'n kenmerkende blou oormerk aan die regteroor en met 'n horinglengte van ses-en-veertig en 'n driekwart duim vervreem, te verskuif en/of op enige ander wyse daarmee te handel wat tot gevolg sal hê dat die respondent van sy besit en/of eiendomsreg in en tot gemelde bok ontneem word en/of daarvan afstand doen, hangende die finale beregting van die aksie vir lewering van die swartwitpensbul aan die MJ Boshoff Trust, IT1145/2011, ingestel onder saaknommer 335/2015;**

**2. Koste van hierdie aansoek sal koste in die hoofgeding wees.**

__________________

**ERASMUS, SL**
**WAARNEMENDE REGTER**

| | |
|---|---|
| **Namens Applikante:** | Adv. C.D. Pienaar (iov Van de Wall & Vennote) |
| **Namens Respondent:** | Adv. S. Tsangarakis (iov Haarhoffs Ing.) |